# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 6:4 ". . . .Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 1 Oktober 1994 Vol. 2

# EENHEID ALLEEN DEUR DIE WAARHEID

## Is hier partyskappe . . . ?

Die verskyning van *Waarheid en Dwaling* as 'n nuwe kerklike blad op die terrein van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, het dadelik vrae en selfs bedenkinge opgeroep. Die belangrikste hiervan is die vraag wat ook 'n veroorderling inhou: Is hier partyskappe in die GKSA? Kry ons nie nou met skeurmakery te doen nie? Word die eenheid nie nou in die kerk verbreek nie?

Met die grootste oortuiging kan die redaksie van *Waarheid en Dwaling* verklaar: Dit gaan juis oor die eenheid! Maar dit is eenheid in die waarheid. As dit nie oor die waarheid van God se Woord gaan nie, kan daar geen ware eenheid wees nie. Sulke valse eenhede onder die kerke word veelal in die wêreld gesien en ons gee enkele voorbeelde:

Die Wêreldraad van kerke vertoon na buite 'n eenheidstruktuur, maar lede van hierdie eenheidsorganisasie verwerp byvoorbeeld die godheid van Christus; die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke roem oor hulle Gereformeerde belydenis, maar in dieselfde bond is daar kerke wat openlik die homofilie handhaaf en so die genadeleer van die Bybel verwerp; lede van die Gereformeerde Ekumensiese Raad verwerp die gesag van die Skrif en handhaaf predikante wat in die sonde van Arminianisme leef.

## Die eintelike nood van die kerk

Die kerk het baie gebreke, ook baie sondes. Sy ergste nood is egter dat hy die waarheid verlaat. Dit is sy grootste krisis dat hy langs die pad aan die Woord van God ontrou word. Ter wille van die eenheid van die kerk probeer hy om berge te versit, maar as hy die waarheid verag beteken alle eenheidspogings net mooi niks. Jesus wat self "die Waarheid" is [Joh. 14:6], bid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" [Joh. 17:17]

Vir die kerk in sy nood is daar net één van twee paaie om te gaan:

1. Bekering tot God, terugkeer na Sy Woord - dit is die pad van die ewige lewe...

of

2. Verharding in dwalings, ongehoorsaamheid aan God en veragting van die Bybel as God se gesagvolle Woord - dit is die pad van die ewige dood . . . As dit eers sover gekom het, is daar van eenheid verder geen sprake nie.

## Nooit eenheid sonder meer nie

Ons blad *Waarheid en Dwaling* wil sy standpunt rondborstig en duidelik stel: Ons strewe na kerkeenheid, maar alleen op grondslag van die waarheid. Eenheid ter wille van eenheid sonder meer is on-Bybels. Dit is vals en maak 'n karikatuur van die kerk. Predikers en

### *IN HIERDIE UITGAWE*


- ☆ EENHEID ALLEEN DEUR WAARHEID ........ P. 1
- ☆ SKRIFOORDENKING ........ P. 2
- ☆ FOKUS OP DIE LEER ........ P. 3
- ☆ FOKUS OP DIE EREDIENS ........ P. 4
- ☆ FOKUS OF DIE SKRIF ........ P. 5
- ☆ FOKUS OP DIE ONDERWYS.. P. 6
- ☆ BESLUITE VAN DIE VERGADERING VAN 10 SEPTEMBER 1994 ........ P. 8
- ☆ GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS ........ P.9

kerkbouers wat kerkeenheid hoër as die waarheid van die Woord ag, is aanhoudend met steierhoute besig en hulle kom nooit tot die werklike bouwerk nie. Hulle is nie bekommerd dat die fondamente ondergawe word nie, maar eerder oor hoe die gebou van buite vir die wêreld lyk.

As dit vir Luther, Calvyn, Hendrik de Cock, Dirk Postma, Kuyper en Schilder alleen maar om die éénheid sou gegaan het, dan het hulle werk geen boodskap van die ware eenheid in die kerkgeskiedenis gehad nie.

In die kerk gaan dit vóór alles alleen daarom dat ons almal gemeenskaplik buig onder die gesag van God se Woord. As kerklidmate is dit ons roeping om die waarheid van die Skrif soos wat dit in die Belydenisskrifte saamgevat word, konsekwent te handhaaf. Hierin, om te buig onder die Woord, word God verheerlik.

## Calvyn oor "'n kliek van goddeloses"

Die Here se Woord spreek van **gerig en toorn** oor die sonde en daarom roep die evangelie ons om met die sondes te breek. Ook ons kerksondes soos die erkenning van ander gode, mensediens in die prediking en erediens, wêreldse beskouings oor die sakramente, roekeloosheid met die kerklike tug en ander on-Bybelse gebruike, moet uitgeban word.

En wanneer God deur Sy Woord oor ons volle kerklike lewe in leer, diens en tug triomfeer, dan kom die eenheid vanself!

*". . . ons kerksondes soos die erkenning van ander gode, mensediens in die prediking en erediens, wêreldse beskouings oor die sakramente, roekeloosheid met die kerklike tug en ander on-Bybelse gebruike, moet uitgeban word."*

Calvyn se standpunt oor kerkeenheid op grond van die waarheid is vir *Waarheid en Dwaling* in die verdere behandeling van sake soos die leer, die erediens, die prediking, die sakramente en die onderwys nie alleen 'n leidraad nie, maar ook 'n waarskuwing teen sektarisme:

"Laat ons daaraan gedagtig wees dat, so dikwels as wat kerkeenheid by ons aangeprys word, die vereiste dit is dat, terwyl ons verstand in Christus eenstemmig is, ons wil ook met wedersydse welwillendheid in Christus aan mekaar verbonde moet wees. Wanneer Paulus ons derhalwe daartoe aanspoor, neem hy as grondslag daarvoor dat daar één God, één geloof en één doop is [Ef. 4:6 - red.]. Ja, oral waar hy ons leer om een van gevoel en een van wil te wees, voeg hy dadelik by: 'In Christus', of 'Volgens Christus'. Daarmee gee hy te kenne dat daar waar iets sonder die Woord van die Here gebeur dit nie die eensgesindheid van die gelowiges is nie maar 'n kliek van goddeloses." [Institusie, 4.2.5. Vertaling deur H.W. Simpson].

* * * * *

# SKRIFOORDENKING Genesis 22:10-12

## Reformasie gaan oor beloftes

In Oktober herdenk ons die reformasie. Reformasie gaan oor beloftes. God se beloftes aan die mensdom. God toets ons om te kyk of ons tans nog sy beloftes die moeite werd vind. Dit is wat die aangrypende verhaal van God se opdrag aan Abraham, om Isak te offer, aan ons verkondig. God lê 'n toets aan. God toets juis die gelowiges.

God het aan Abraham belowe dat Hy deur Isak van hom 'n groot nasie sal maak. En Abraham het die Here vertrou, en die Here het sy beloftes nagekom, Abraham het 'n seun gekry. Die Here belowe en Hy vra:
Die Here beloof - Hy sal sekerlik juis uit Isak van jou 'n groot volk maak, God lieg nie vir hom nie - so nou vra die Here van Abraham - gaan offer Isak. Abraham moet glo dat God sy belofte gestand kan doen.

Die Here weet wat Hy van Abraham en ons vra. Hy vat die verskonings uit Abraham se mond. Gaan vat jou seun,
- Isak, nie Ismael deur wie jy probeer het om self iets aan die beloftesaak te doen nie,
- jou enigste seun, die enigste een waardeur My belofte aan jou kan waar word,
- die een vir wie jy lief is, en gaan offer hom aan My.

God weet hoe swaar sy opdrag is, maar vind Abraham nog steeds God se belofte die moeite word dat Hy Isak 'n groot volk gaan maak? Abraham word getoets of

hy glo God kan sy belofte gestand doen al is Isak dood. God belowe en Hy weet wat Hy vra.

Die Here leer ons om nie grense vir Hom te stel waarbinne Hy sy beloftes moet nakom nie.

Abraham weet nog nie van die opstanding op die derde dag nie, soos ons Hom leer ken het nie, hy het maar net 'n paar woorde van God af, nie 'n ganse Bybel soos ons nie.

## "Toe steek Abraham sy hand uit..."

"Toe steek Abraham sy hand uit..." - na die mes - is dit nie vreeslik nie - hy glo. Hy het niks om op terug te val nie, hy't nie iemand om te vra "het die Here dit miskien al met jou gedoen", hy't niks om op te steun nie - behalwe God se belofte wat hy nie kan sien nie. Dis al wat hy het, God en sy eie oë. Sy oë sê die kind gaan dood wees, sy God sê die kind gaan lewend wees selfs al was hy dood, sodat die belofte kan waar word. God of ons oë. Wie glo ons regtig?

Toe steek Abraham sy hand uit. Hy glo, hy vertrou, hy weet, dat God sy belofte sal nakom, al is dit deur die dood heen. God sal die seun kan lewend maak. Hy beloof dit, Hy kan.

God beloof 'n nuwe lewe in Christus - is dit nog ons erns, orals en altyd. Glo ons werklik dat God nuwe lewe, reformasie, kan gee, omdat Hy dit beloof? Wat getuig ons handwerke oor ons mondgeloof. Ons moet uit God se beloftes leef en aan Hom wys dat ons sy beloftes glo.

Wat het van die reformasie op die hele lewensakker geword? Met hoeveel moed en krag stry ons nog op al die terreine van die lewe, omdat God se beloftes ons dra? Hoeveel sake het ons nagelaat omdat ons grense stel aan hoe God sy beloftes moet nakom? Wat is sigbaar daarvan dat ons God heeltemal op sy Woord neem, dat Hy lewe deur die dood en deformasie heen kan gee:

- ★ in my kind se skool, of het ons al die doopbelofte begin verskraal om net die huislike lewe te dek,
- ★ in my uitlewing van my burgerskap, of moet ons God se beloftes probeer aanpas by 'n nuwe situasie,
- ★ in die huwelik - wat so 'n beloftelose gewoonte kan word,
- ★ in ons gemeente waar ons God aanbid, of het ons al selfs daar verlief begin neem met van die flouheid, omdat ons grense aan God se beloftes stel?

Oktober is ook beloftemaand. Wat het ons met die Here se beloftes gemaak? Of wil ons net ons eie oë glo?

★★★★★

# *IN FOKUS*

## *FOKUS OP DIE LEER*

## Leereenheid of -verskeidenheid?

**(Rede deur Prof. GJC Jordaan gelewer tydens byeenkoms in Pretoria op 10 September 1994)**

Solank daar mense in die kerk is, sal daar meningsverskille bestaan. Op sigself is dit nie 'n slegte ding nie. In 1 Korintiërs 11:9 skryf die apostel Paulus dat meningsverskille in die kerk selfs noodsaaklik is. Daardeur word ons standpunte getoets en geslyp.

### Eenheid van sin

Maar êrens moet die streep getrek word. Aan die Filippense skryf die apostel Paulus dat hulle eensgesind moet vasstaan, "in een gees, een van siel" (Fil. 1:27). Want word die meningsverskille te veel of te groot, val die kerk uitmekaar. Hoogstens sou ons nog te doen hê met 'n organisasie wat "kerk" genoem word maar wat dit nie is nie. Daar móét eenheid bestaan, méér as net strukturele eenheid. Waaroor moet daar dan wel eenheid bestaan? Waaroor mag kerklidmate nie van mekaar verskil nie?

*"Daar móét eenheid bestaan, méér as net strukturele eenheid".*

### Een in leer, diens en tug

In Efesiërs 4:3-6 kry ons 'n antwoord. -"Julle moet ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar," skryf Paulus, en dan voeg hy daaraan toe: "Dit is een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader..." Die somtotaal hiervan word pragtig saamgevat in die drie dinge wat ons in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as kenmerke van die ware kerk bely: suiwere prediking, sakramente en tug. Kortweg gestel: die kerk moet een wees in leer, diens en tug. Dit sluit aan by Efesiërs 4:3-6.

- ★ Eeheid in leer ("dit is een geloof, een hoop, een Gees, een-God en Vader");
- ★ Eeheid in diens ("dit is een Here, een doop");
- ★ Eeheid in tug ("dit is een liggaam").

Waar daar nie eenheid in leer, diens en tug bestaan nie, is die kerk besig om uit mekaar te val.

## Die liefde in waarheid

Ook hieroor bestaan daar meningsverskil. Sommige lidmate voel dat die eis van leer-diens-en-tug-eenheid hulle te veel inperk. Hulle wil dit afskaal tot 'n eenheid in die geloof, of 'n eenheid in die liefde. Maar ons kan nie die liefde losmaak van die waarheid nie, net so min as wat die waarheid van die liefde losgemaak mag word. Iemand het êrens gesê: "Waarheid sonder liefde is brutaliteit; liefde sonder waarheid is sentimentaliteit".

Dat die liefde van die gelowiges nie los van die waarheid van God se woord kan staan nie, blyk duidelik uit 1 Joh. 5:2,3: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar."

Daarom, as ons van eenheid in geloof en liefde praat, dan praat ons van eenheid in leer, diens en tug. Die geloof van die kerk kom immers tot uitdrukking in sy prediking (die leer) en in sy liturgie (die diens); en die liefde van die kerk kom tot uitdrukking wanneer lidmate onderling op mekaar ag gee (die tug). In die kerk van die Here bestaan daar dus nie 'n spanning tussen die handhawing van die suiwere leer en die beoefening van die liefde nie. Juis uit liefde vir die kerk van die Here word enigiets wat die gesonde leer bedreig, van die kerk afweggeweer.

## 'n Pleidooi vir verdraagsaamheid

'n Sprekende voorbeeld hiervan vind ons in 'n artikel van JA van Rooy in die Gereformeerde tydskrif In die Skriflig (Maart 1994) onder die titel Is Allah die Here? In die artikel verduidelik die skrywer sy standpunt oor die Moslems. Hoewel hy vooraf stel dat hy self God Drieenig as die enigste ware God volgens ons Gereformeerde belydenisskrifte bely en slegs die Bybel as openbaring van God erken, wil hy tog 'n soepeler benadering tot die Islam bepleit. Hy verwerp nie die belydenisskrifte nie, maar vra vir groter interpretasie vryheid.

Van Rooy handhaaf die standpunt dat die Moslems wel die ware God dien, maar net op 'n verkeerde manier. Hy verduidelik sy standpunt met die beeld van 'n huis op 'n dynserige dag. Diegene wat naby die huis staan, kan dit duidelik sien. So is die Christene met betrekking tot die Godsopenbaring. Maar hulle wat ongeveer 2 kilometer daarvandaan staan, sien steeds dieselfde huis, maar kan dit nie mooi uitmaak nie. Dit is die posisie waarin die Moslems hulle ten opsigte van die Godsopenbaring bevind. Hulle dien steeds dieselfde God, maar het 'n onduidelike idee van wie Hy is.

Hierby moet opgemerk word dat die argument van Van Rooy, wanneer dit tot sy volle konsekwensies deurgetrek word, alle valse godsdienste sou regverdig as 'n "van ver af" aanskoue van dieselfde ware God. Daarmee kom 'n mens uit by algehele gelykstelling van godsdienste!

Wat egter veral ons aandag verdien, is die slotopmerking van Van Rooy in sy artikel. Hy bepleit naamlik "verdraagsaamheid onder Gereformeerde broers teenoor dié wat aanvaar dat Allah nie 'n afgod is nie". Dié wat ontken dat Allah van die Moslems die ware God kan wees, en dié wat hom wel as die ware God erken - almal onder één sambreel! Almal één in leer, diens en tug!

## Leerverskeidenheid onder één sambreel?

Artikels en briewe wat vroeër vanjaar in Die Kerkblad verskyn het, dien as illustrasie van hoe ver die leer-relasionisme die Belydenisskrifte kan rek. Binne die verloop van 5 maande is 3 verskillende standpunte geplaas oor hoe ons art. 36 van die NGB moet interpreteer.

- In Die Kerkblad van 23 Februarie skryf dr. CFC Coetzee dat die owerheid kragtens artikel 36 die Godgegewe roeping het om die koninkryk van Jesus Christus te bevorder.
- Op 4 Mei skryf prof. MA Kruger dat hy art. 36 so verstaan dat dit die taak van die owerheid is om te reël dat alle godsdienste vry kan wees om hulle eie godsdiens te propageer, sonder om op ander se vryheid inbreuk te maak.
- Op 8 Junie skryf dr. Neels Malan in dieselfde blad, ook met verwysing na art. 36 NGB dat die owerheid nie die taak het om die Satanisme as anti-godsdiens wat op die vernietiging van die Christelike godsdiens gerig is, te verbied nie.

Is dit moontlik om al hierdie beskouings van die roeping van die owerheid - wat wissel van beskerming van die Christelike godsdiens, tot beskerming van alle godsdienste, tot beskerming van die vyand van die Christendom - onder die één kombers van artikel 36 van die NGB toe te maak?

## 'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is

Ons sou wel kon probeer om eenheid te handhaaf deur 'n benadering van verdraagsaamheid teenoor leerverskille. Maar dan is ons besig met 'n gevaarlike eksperiment. Meer as dit: ons is besig om ons eie fondament te ondergrawe. In Matteus 16:16 leer die Here Jesus ons self dat Hy sy kerk op die rots van die belydenis sal bou. Solank die kerk rotsvas op die belydenis staan, sal selfs die poorte van die doderyk dit nie oorweldig nie! Maar wee die kerk wat hierdie fondament ondergrawe of wil rysmier. Die Here Jesus waarsku ons óók: "'n Koninkryk

wat teen homself verdeeld is, kan to nie bly staan nie" (Matteus 12:25).

*****

## *FOKUS OP DIE EREDIENS*

## Bavinck oor die Nagmaalstafel

### Tafel in plek van Roomse altaar

Herman Bavinck, een van die grootste kenners van die Skrif en die Gereformeerde belydenis, het in sy bekende *Gereformeerde Dogmatiek* groot aandag aan die belangrikheid van die Nagmaalstafel gegee - baie bladsye. Een van die aspekte gaan oor die vraag waarom dit noodsaaklik was dat die gereformeerde hervormers in die 16de eeu weer die Bybelse tafel in die plek van die Roomse altaar ingestel het. "Daarom" - so betoog Bavinck - "consentreerd zich de paling van het karakter van het avondmaal ten slotte geheel om de vraag, of het op een tafel dan wel op een altaar bediend moet worden".

In aansluiting by hierdie "karakter van het avondmaal" verduidelik Bavinck die volgende *[ons vertaal]:*

"Jesus en Sy dissipels het aan 'n tafel gaan sit toe hulle die Nagmaal gebruik het. Ook die eerste Christene het niks van 'n altaar geweet nie. Maar langsamerhand het die onderskeid tussen Ou en Nuwe Testament verdwyn: die vergaderplek het in 'n tempel verander, die dienaar in 'n priester, die Nagmaal in 'n offerande en die tafel in 'n altaar. In die Roomse en Griekse kerk word die hele godsdiens deur hierdie beskouing beheers. Die Anglikaanse kerk het dit grotendeels oorgeneem en gaan al hoe meer na hierdie standpunt oor. Die Lutherse kerk het die altaar behou en beskou dit as 'n middelmatige saak ['n "adiaphoron", d.w.s nie 'n beginselsaak nie].

Maar die Gereformeerdes het die skriftuurlike opvatting van die Here se maaltyd ook in die *tafel* van die Nagmaal herstel. Immers, die onderskeid tussen die godsdiens ["cultus"] van die Ou Testament en die Nuwe Testament bestaan daarin dat tempel en altaar, priester en offerande nie meer op aarde nie maar in die hemel is".

### Christus die Gasheer aan Sy tafel

Bavinck gaan verder deur daarop te wys dat die offerande van Jesus eenmaal aan die kruis klaar volbring is - dus geen altaar meer in die gemeente nie! Die Nagmaal is 'n *gedagtenismaaltyd* aan Jesus se groot weldaad van genade op Golgota, maar dit is terselfdertyd 'n *gemeenskapsmaaltyd* - daarom 'n tafel. Jesus maak van hierdie gedagtenis aan Sy kruisdood "'n maaltyd waarin die dissipels Sy liggaam in gedagtenis moet eet en dus met Hom in die innigste gemeenskap tree. Die gemeenskap bestaan nie alleen daarin dat hulle saam één brood eet en één wyn drink nie. Ja, die Gasheer bied onder die tekens van brood en wyn sy eie liggaam en bloed tot spys en drank van hulle siele aan".

As Bavinck verder breedvoerig uitwys hoe van die grootste dwalinge in die ou kerkgeskiedenis by die sakrament van die Nagmaal ingesluip het en hy die Bybelse gronde vir die gereformeerde Nagmaalsgebruik aangetoon het, gee hy 'n skerp uitspraak wat ons seker tot nadere besinning dwing:

"Al deze verbasteringen maakte terugkeer tot de Heilige Schrift noodzakelijk, volgens welke het avondmaal een maaltijd is, zonder aansittende gasten niet bestaanbaar, en uitsluitend voor geloovigen bestemd."

(H. Bavinck in sy *Gereformeerde Dogmatiek,* deel 4, in die hoofstuk "Het Avondmaal". Die studie van die Nederlands-gereformeerde teoloog C. Trimp, "Het altaar gebroken - de tafel herstel" (Apeldoorn, 1979), is in aansluiting by Bavinck ook van groot belang.)

*****

## *FOKUS OP DIE SKRIF*

## Jesus en die Psalms

### (1) Geen boek soos die Psalms nie

As Jesus Christus die Ou Testament aanhaal, doen Hy dit die meeste kere uit die boek van die Psalms. Behalwe die dertien kere wat Hy in sy prediking direkte aanhalings gee, is daar ook tientalle heenwysings en gebeurtenisse in sy lewe wat direk in die Psalms voorspel is. Uit die baie voorbeelde noem ons nou slegs één: *"Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad"* [Ps. 22:19]. Ons sien hulle daar aan die voet van die kruis - die Romeinse soldate. Mattheüs vertel dat dit "die profeet" se woorde is wat vervul is [Mt. 27:35]. Ons sien dit duidelik raak: die hele Psalm 22 is eintlik 'n profesie oor Jesus se kruisiging.

Jesus en die Psalms . . . Dit is 'n onderwerp waarmee ons menslik gesproke, nooit kan klaar gesels nie. Selfs in 'n reeks artikels sal ons nie by die einde kan uitkom nie.

## "Il n'y a livre . . ."

As Calvyn in die Franse taal 'n kommentaar op die Psalms skryf, is daar 'n uitdrukking wat hy herhaaldelik gebruik: *"Il n'y a livre . . ."* - daar is geen boek . . . Wat hy bedoel, is dat daar geen boek soos die Psalmboek is nie. Kom ons luister na 'n aantal van hierdie uitsprake oor die boek van die Psalms:

★ Daar is geen boek waarin 'n mens duideliker en mooier lofprysings vind oor God se besondere genadegawes en al Sy werke as die Psalms nie.

★ Daar is geen boek waarin meer bevrydinge, meer getuienisse en ervarings van God se voorsienigheid en vaderlike sorg oor ons vertel word nie.

★ Daar is geen boek waarin ons in die manier om God te loof volmakter onderwys word en waarin ons vuriger gedryf word in die oefening van godsvrug nie.

Dit lyk nie of Calvyn klaar kan kry nie. Sy waardering van die Psalms is byna grenseloos. *"Il n'y a livre . . ."* Daar is geen boek . . .

★ Daar is geen boek soos die Psalms wat so vol van onderwysinge is om ons lewens te vorm tot heiligheid, regskapenheid en geregtigheid nie.

★ Daar is geen boek waarin ons die manier om God te loof beter vind nie.

★ Daar is geen boek wat ons leer hoe om ons kruis te dra, soos die Psalmboek nie. Hierdie kruis is die bewys van ons gehoorsaamheid.

★ Die Psalmboek is die anatomie van alle dele van die siel. Hier sê Calvyn dat dit sy gewoonte is om die Psalmboek so te noem - die anatomie van die siel. Dit ontleed alles van ons sielelewe tot in die fynste besonderhede.

★ Die Psalmboek is die spieël waarin ons al die aandoeninge van die mens kan sien.

★ In die Psalmboek beskryf die Heilige Gees alle smarte, droefheid, vrees, twyfel, verwagtinge, sorge, verslaendheid, ja selfs alle verwarde emosies.

★ In die Psalmboek praat die profete. Hulle nooi ons uit om onsself te ondersoek. Hier bly ons swakhede en ondeugde nie meer verborge nie.

## Alles wat oor Jesus in die Psalms geskr[ywe is]

Jesus vertel self dat in die Psalms oor Hom geskryw[e is]. Ná sy kruisdood en ná sy opstanding verskyn Hy aan [sy] dissipels en gee Hy die antwoord op alles wat met Ho[m] gebeur het: Dit is 'n vervulling van die Skrifte:

*"Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word."* [Lk. 24:44].

Alles oor Jesus in die Psalms . . . Dit is so 'n oorweldigende waarheid. Dit is een van die wonderlikste ontdekkings, nie alleen vir die eensame enkeling nie, maar vir die hele gemeente. As God se kind dit eers begin raaksien, dan leef die Psalms, dan sing jy dit, dan oordink jy dit dag en nag - ja juis in donker dae en bange nagte. En as die predikant dit eers begin raaksien, dan raak sy preke deurgloei daarvan. Dan laat hy nie toe dat die gemeente begin wegdryf agter mensgemaakte liedere aan nie. Dan werk hy eenvoudig nie meer met los psalmversies en fragmentjies van hierdie Sionsliedere nie, maar elke Psalm skitter in sy volheid onder die skerp spreiligte van Jesus se geboorte, Sy kruis, Sy opstanding, Sy hemelvaart, Sy Pinkster en Sy wederkoms.

As Jesus maar eers in die Psalms onder die lig van die Nuwe Testament raakgesien word, dan preek die dominee anders en die gemeente sing anders en die orrelis speel anders . . . Ons kan selfs verder gaan: dan bid ons ook anders! As die kinders op ons skole maar weer geleer word om die Psalms te sing en nie mensgemaakte stroperige, sentimentele "lekker" liedjies nie, dan sal selfs die skool ook anders word.

## "Psalmsing die hemelvaart van die siel"

In die grysheid van sy ouderdom, toe sy sandglas alreeds besig was om leeg te loop en sy son besig was om bloedrooi onder te gaan, het die berymer van die Afrikaanse Psalms [J.D. du Toit] met sy skrywerspen iets van die heerlikheid van God se Psalms onder ons aandag gebring. In enkele sinne gee hy sy ontroering:

"Het u al ooit geprobeer om die hele inhoud van die Psalmboek voor u gees te laat verbygaan, die boek met sy hemelhoogtes wat met sy hallelujas reik tot in die hoogste hemele, die boek met sy skriklike dieptes waar die afgrond roep tot die afgrond, die boek met sy vertes,

sy oneindige wydtes, sy omspanning van die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring, maar nou die inhoud van 'n goddelike kunsstuk sien?

"Wat kan daarnaas gestel word? As sorge ons hart verslind, dan gryp ons weer die ou beminde. Daar word die hoof weer hoog bo die golwe uitgestoot, daar in ons stryd volstry, en daar word ons vreugde uitgesing.

"As ons op onsself aangewys was, sou ons nie sing nie, nie eens spreek nie, nie eens *stammel* nie; uit enorme ontsag vir die ewige dinge sou ons stomverslae moet swyg, sou ons kan staar in die blinde verte 'van die oneindigheid.

"Laat God blink! Dit is die eis. Hoe kan dit?

"Hier is die verlossing uit ons spanning: Wie Psalmsing, gryp na die hoogste, want God is sy sangersdoel. Psalmsing is die hemelvaart van die siel, dit is die hand wat uitgesteek word na die verborge skat van God se kinders, dit is godsdiens, lewe in hoogste spanning, dit is die brug na die oneindigheid, dit is die durfdaad van die geloof, die arm wat uitgestrek bly bo die stormwaters van die lewe. Maar hierin kulmineer alles: Psalmsang is die aansteek van die wierook waarin ons teëgeur die lieflike reuk van die môre van die ewigheid..."

Jesus <u>en</u> die Psalms... Jesus <u>in</u> die Psalms... Jesus <u>oor</u> die Psalms... Om dit te kan vertel, sal ons nog meer artikels moet skryf. Die goud sal diep uit die mynskag van die Woord gehaal moet word. [Die volgende artikel: *Jesus sing sy eie Psalms.*]

*Prof. V.E. d'Assonville*

*****

## *FOKUS OP DIE ONDERWYS*

## <u>Soek ons die guns van mense of die eer van God?</u>

- Skokkende berigte oor die onderwys was die afgelope paar weke voorbladnuus...
- Koerante het die ministeriële uitsprake, dat Model-C skole afgeskaf gaan word, uitgebasuin...
- Teoloë propageer openlik oor die radio en in die pers dat alle ander "GODSDIENSTE" (Lees: Afgodedienste, soos bv. Islam) nou skielik ook aan ons kinders op skool onderrig moet word...
- Deur geeneen van hierdie "GELEERDES" word gevra wat die eis van God self in Sy Woord is nie. Nie een van hulle vra na die eer van God nie...

### <u>Wat is die Bybelse, die gereformeerde antwoord op al hierdie kommerwekkende nuus?</u>

(Die volgende stuk is oorgeneem uit die gemeenteblad van die Geref. Kerk Potchefstroom, 14 en 28 Augustus 1994)

In die winter van 1902 lyk groot dele van die Transvaal en die Vrystaat letterlik soos puinhope. Van die eens aantreklike velde is bykans net afgebrande vlaktes oor; voormalige netjiese Boerewonings is in die meeste gevalle nou net murasies - allles die gevolg van die Britse "verskroeide aarde"-beleid.

En waar begin die gereformeerdes om die skerwe op te tel? Watter saak geniet prioriteit?
Wat word eerste aangespreek?
...Die **onderwys!**

Onder die haglikste ekonomiese toestande en tydens die bitterste armoede, geniet die roeping vir **gereformeerde onderwys** voorkeur. Met baie groot opoffering, en ten spyte van die ellendige en tragiese omstandighede, word die CNO-gedagte (Christelik-nasionale onderwys, dit is gereformeerde onderwys) mettertyd 'n beweging; die idee word 'n ideaal. Christelike onderwys word die grondslag waarop verder gebou kan word. By talle sinodes van die Gereformeerde Kerke word hierdie ideaal telkens bevestig.

### *"... die idee word 'n ideaal"*

God eis immers van alle ouers om **elke oomblik** hulle kinders volgens sy woord te onderrig tot eer van Hom (Deut. 6:4-9). En dit is ook wat elke ouer beloof tydens die aflegging van die doopbelofte.

Wanneer ouers die doopbelofte aflê, beloof hulle plegtig teenoor God en voor die gemeente van Christus dat hulle hulle kindjie in die **gereformeerde leer** sal **onderrig en laat onderrig**. Met verwysing na hierdie belofte, en op grond van die Skrif, rus die primêre verantwoordelikheid vir ons kinders se onderwys nie by die staat, die kerk of by enige ander instansie nie, maar by die **ouers self**.

Bloot die feit dat 'n skool Christene as onderwysers het, en soggens deur Skriflesing en gebed geopen en smiddae afgesluit word, verseker nog nie Christelike onderwys nie. Christus eis sy koningskap op **álle** terreine op. Nie slegs godsdiensonderrig of Bybelkunde op skool nie, maar ál die vakke, ál die sport en ál die aktiwiteite moet

sonder skroom in die Lig van Sy Woord (vgl. Ps. 36:10 en (Ps. 119:105) en tot Sy eer geskied. Dít alleen en niks minder nie, is God se eis. Hieroor sal ons as ouers elkeen aan Jesus Christus rekenskap moet gee.

Christelike onderwys, **elke oomblik en tydens elke aspek**, is 'n eis van God - vandag nie minder nie as 92 jaar gelede.

* * * * *

## Bekommerde Gereformeerdes

Soos "Waarheid en Dwaling" in die September-uitgawe berig het, is die Nylstroom-byeenkoms van bekommerde gereformeerdes opgevolg deur 'n soortgelyke vergadering in Pretoria. Baie sake is indringend bespreek.

**Ds. S.D. Snyman** het onder andere die standpunt van die voortsettingskomitee gestel. Daar moet kerkordelik korrek opgetree word, daarom word geen drukgroep beoog nie, maar word die geleentheid geskep tot openlike en eerlike standpunte-inname oor die waarheid van God se Woord, die belydenisskrifte en kerkorde in die lewe van elke dag.

**Ds. G.J. Meijer** het die aandag gevestig op wat God se orde vir sy kerk beteken. Die verantwoordelikheid van elke lidmaat om in gehoorsaamheid aan God se orde te luister en te doen, is uitgewys. Deur nougeset God se orde vir die kerk na te streef, word eenheid bewerk.

**Dr. I.L. Bekker** het sake rakende die liturgie aangesny. Daar is op gewys dat die erediens agteruitgaan as die ontmoetingskarakter met God afgewater word.

**Prof. G.J.C. Jordaan** het die stand van sake ten opsigte van verdraagsaamheid teenoor leerverskille skerp uitgelig. (Sien p. 3).

**Dr. P.E. van der Dussen** het gepraat oor die bekommernisse en probleme van lidmate in die praktyk. Daar het 'n situasie ontstaan waar lidmate in sommige gemeentes hulle vreemd voel aan die optrede van kerkrade en predikante waar van die gereformeerde spoor afgewyk word. Advies en leiding oor hoe kerkordelik in hierdie situasie opgetree moet word, is noodsaaklik.

Aan die einde het die vergadering die volgende besluite geneem:

## Besluite van die vergadering 10 September 1994

### 1. Voortsettingskomitee

Die vergadering BESLUIT dat 'n Voortsettingskomitee opnuut aangewys word met die volgende opdagte:

1. om verdere opvolgbyeenkomste landwyd en plaaslik te beplan en te reël;
2. om met die Redaksie van *Waarheid en Dwaling* te koördineer; en
3. om as adviseurs beskikbaar te wees vir die spesifieke behoeftes van broers en susters lidmate en ampsdraers wat behoefte daaraan het.

Die volgende komitee word aangewys: Di. S.D. Snyman, S.D. de Kock, A.H. Mulder, J.P. Coetzee, Prof. G.J.C. Jordaan, Drr. I.L. Bekker, J. Meijer, P.E. van der Dussen en Br. P. van der Kooi - met reg van koöptering.

### 2. Waarheid en Dwaling

Die vergadering BESLUIT dat alle aanwesiges die blad *Waarheid en Dwaling* sal ondersteun deur daarop in te teken en intekenare te werf, en dit te benut as middel tot die stimulering van egte reformasie in ons Kerkverband en as 'n manier om dwalinge bloot te lê.

### 3. Bybelvertaling

Die vergadering BESLUIT om die besondere opdrag aan die Komitee te gee om die saak van Bybelvertaling op 'n gepaste manier onder die loep te neem, onder meer deur geskikte prinsipiële publikasies daaroor te oorweeg.

### 4. Onderwys

Die vergadering BESLUIT dat elke aanwesige hom daadwerklik vir die daarstelling van Gereformeerde skole sal beywer sodat die ouers hulle waarlik sal kan verantwoord ten opsigte van die Doopbelofte om die gedoopte kinders "in dié leer te onderrig en te laat onderrig";

en VERWYS alle aangeleenthede rakende skoolon-

derwys, naskoolse onderwys en opleidng, en die opleiding van predikante na die Komitee vir oorweging en leiding, hetsy aan opvolgvergaderings, of deur middel van *Waarheid en Dwaling*, omsendbriewe of ander publikasies.

5. **Liturgiese orde**

Die vergadering BESLUIT dat elke aanwesige alle moontlike pogings moet aanwend om die eenvormigheid van die liturgiese orde in die Gereformeerde Kerke te herstel, sodat die toenemende en versnellende gees van idependentisme ook langs hierdie weg en op hierdie terrein teengewerk kan word;

6. **Die Kerkordelike weg**

Die vergadering BESLUIT dat elke aanwesige ten opsigte van die bogenoemde sake en enige ander saak wat die eenheid in leer, diens en tug in die Gereformeerde Kerkverband raak, langs die Kerkordelike weg by wyse van beskrywingspunt, beswaar of appèl ter tafel sal bring, ooreenkomstig die verantwoordelikheid van die amp van die gelowige;

en VERWYS in hierdie verband na die derde opdrag aan die Voortsettingskomitee (kyk Besluit 1. punt 3 hierbo).

* * * * *

## Gereformeerde Persvereniging - Veritas

Die persvereniging het net een doel voor oë - om deur die geskrewe woord die waarheid van God se Woord uit te dra. In die Romeine brief (1:18-19) leer God ons dat sy toorn geopenbaar word oor die ongeregtigheid van die mense wat die waarheid onderdruk. Nooit mag die kerk van Christus hom aan hierdie sonde skuldig maak nie, nl. die sonde om die waarheid van God, wat geken kan word, willens en wetens te onderdruk.

### Vraagteken

Langenhoven het gesê: "Hoe meer waarheid daarby is, des te gevaarliker is 'n leuen". Reeds in die paradys het die satan al hierdie strategie gevolg om die waarheid te bevraagteken. Daarom vra hy die skynbaar onskuldige vraag: "Is dit so dat God gesê het . . .?". In baie kerklike geskrifte uit 'n tradisioneel gereformeerde agtergrond, hetsy dit tydskrifte, koerante of boeke is, het dit hoog mode geword om God se waarheid te bevraagteken. Hierdie vraagteken agter die waarheid het ten doel om onbybelse nuwighede as 'reformasie' te herdoop en in die kerke en ander samelewingsverbande in te voer. Ook op akademiese terrein word daar ter wille van sogenaamde wetenskaplikheid met die vraagteken aan die waarheid van God se Woord gekap. Dit het vir die kerkvolk al hoe moeiliker geword om die kaf van die koring te skei en hierdie uitwasse vroegtydig op te spoor en uit te roei.

*Langenhoven het gesê: "Hoe meer waarheid daarby is, des te gevaarliker is 'n leuen".*

Verder is dit 'n ope vraag hoeveel van die kerklike en teologiese geskrifte werklik onafhanklik is. Baie keer is daar versteekte lojaliteite, verskuilde agendas en so meer aanwesig vanweë die invloed van een of ander geheime organisasie. Die gevolg is dat die waarheid dikwels gesensureer word sodat nie onnodig golwe gemaak word nie. Al hierdie dinge dra by om die gewone gelowige kerkvolk onmondig te hou, en nog erger - onbewus in 'n sekere rigting te dwing.

As gevolg van die algemene verval en verwydering weg van die Woord van God af het bekering, ware reformasie, 'n dringende noodsaaklikheid geword. Hierdie paar sake maak dit meer as duidelik waarom die GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS gestig is.

### Onvervals en sonder vraagtekens

"Veritas" beteken "waarheid" in Latyn. Dit is al wat die vereniging wil doen. Om weer die waarheid ONVERVALS en sonder VRAAGTEKENS weer te gee. Die persvereniging is daarom aan geen organisasie, groep persone of wie ookal gebind nie. Die vereniging erken en bely dat die Bybel die Woord van God is. Die vereniging is daarom verbind aan die woord soos bely deur die gereformeerde belydenis skrifte soos onder andere die NGB, HK en DL.

*"Om weer die waarheid onvervals en sonder vraagtekens weer te gee."*

Die persvereniging is in 1993 te Potchefstroom gestig. Een van die eerste projekte waaraan gevolg gegee is ten einde die doel om die waarheid uit te dra, is om die maandblad WAARHEID EN DWALING op die been te bring. Met die genade van die Here word die blad baie geseën en hoop die vereniging om met die blad net aan God diensbaar te wees. WAARHEID EN DWALING wil die kerke van Christus dien deur die verval in leer, diens en tug onbeskroomd uit te wys. Die blad gaan egter nie net op die negatiewe wys nie - die dwaling is altyd 'n verdraaing van die waarheid, daarom moet die lig van die Woord weer duidelik skyn op hoe die Here sy kerk wil opbou deur die werking van die Woord en Heilige Gees. As die gevolg van die blad is dat die amp van die gelowige weer sterk en kragtig in die kerke begin funksioneer dan was die kool die sous werd.

Soos wat die vereniging hopelik sal uitbrei is daar verskeie projekte wat in die vooruitsig gestel word. Daarvan is die belangrikste die oprigting van 'n eie uitgewery wat veral gaan konsentreer om gereformeerde werke van hoogstaande gehalte die lig te laat sien. So word daar al beplan om 'n eie kommentaarreeks oor die Bybel uit te gee, asook ander boeke wat die gereformeerde beginsel onvervals stel. Verder wil Calvyn se kommentare in Afrikaans vertaal, en ook geskrifte daargestel word, wat die gelowige weer oproep om God se Koningskap oor sy skepping te erken. Die vereniging hoop om spoedig oor genoeg fondse te beskik om hierdie hoë ideaal te verwesenlik.

---

*'Hierdie uitgewery wil ook geskrifte daarstel wat die gelowige weer oproep om God se Koningskap oor sy skepping te erken'.*

---

Die persvereniging se hande kan sterk gemaak word deur voortdurende voorbidding. Die Here self wys ons om nie die dag van kleine ding te verag nie, omdat God self deur sy Gees herlewing sal gee. (Sag. 4:6)

Nou is die tyd:

- om sonder ophou te bid vir inkeer en ware reformasie;

- om sonder versuim te werk, omdat God ons roep;

- om nie mismoedig te wees deur skynbaar onoorkomelike moeilikhede nie - God is almagtig. Wees net diensbaar aan Hom. Hy sal voorsien.

Daarom dien die ou slagspreuk weer tot ons versterking: POST TENEBRAS LUX - na die duisternis kom die lig. God is Lig. Niks en niemand kan daarteen standhou nie.

* * * * *

## ARSO weer geaktiveer

Daar is 'n groeiende belangstelling oor wat gereformeerde onderwys alles behels. Weens hierdie belangstelling het daar 'n behoefte ontstaan vir die heraktivering van AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS (ARSO). Daar het dan ook op Vrydag 14 Oktober 1994 'n vergadering in die verband plaasgevind by die Gereformeerde Kerk, die Kandelaar, in Pretoria.

Daar wil veral gepoog word om weer die wye omvang van die doopsbelofte duidelik te stel. Veral omdat daar huidige 'n siening ontstaan het dat die doopsbelofte net met die katagese onderrig te make het. ARSO wil weer die ouer se primêre rol in die opvoeding van sy kind belig.

By die doop beloof die ouer om sy kind skriftuurlik te onderrig of te laat onderrig. Dit bring ook mee dat die ouer ook inspraak in die sillabusse van die skole moet hê. Gereformeerde onderwys, waar die doopsbelofte weer sentraal staan, is uiters noodsaaklik. WAARHEID EN DWALING gaan ook poog om in die toekoms hierin prinsipiële leiding te gee.

* * * * *

## GRONDSLAG VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS:

★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.

★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.

*INSKRYWINGSVORM*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.........................................

Adres:.........................................

.........................................

.........................................

Poskode:..................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:.........................................

Datum:.................... Handtekening:....................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

# NA DUISTERNIS LIG

Post tenebras lux - Na duisternis lig. Hierdie slagspreuk van die Hugenote is vandag nog net so aktueel as tydens die veelbewoë tyd van die Reformasie in die sestiende eeu en daarna. Met uitsondering van die donker Middeleeue, was die duisternis seker nog nooit só dreigend soos vandag nie:

★ die duisternis van verstandsgodsiens;

★ die duisternis van Skrifkritiek;

★ die duisternis van onbybelse verdraagsaamheid teenoor die verkeerde;

★ die duisternis van onkunde oor God se Woord;

★ die duisternis van ongehoorsaamheid aan God se Woord;

★ die duisternis van die verdagmaking van ons belydenisskrifte en die relativering van Skrifgesag...

Nooit kan die duisternis egter die Lig uitdoof nie -

★ die lig van die Woord,
★ die lig van God se genade,
★ die lig van Jesus Christus se waarheid.

Daarom wil "WAARHEID EN DWALING" niks anders doen nie, as om weer te staan vir die waarheid van God en die gesag van sy Woord in ons denke: Ná DUISTERNIS LIG!

★ ★ ★ ★ ★

## DONASIES

Hierdie uitgawe is moontlik gemaak deur die bydraes van mense wat die skrywe wat hierin aangeroer is, gunstig gesind is. Aan hulle ons hartgrondige dank. Indien u dieselfde standpunte huldig en 'n bydrae tot volgende uitgawes wil maak, sal dit hoog op prys gestel word. Publikasie-onkoste en besonderlik posteriewe het die hoogte ingeskiet. Tans maak ons staat op u goedgesindheid om ons te help om die waarheid te openbaar en die dwaling aan die kaak te stel.

TENSY ANDERS VERMELD, AANVAAR DIE REDAKSIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INHOUD VAN ALLE BYDRAES

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS